# NORTHERN CAPE PROVINCE

PROFENSI YA KAPA-BOKONE

NOORD-KAAP PROVINSIE

IPHONDO LOMNTLA KOLONI

## EXTRAORDINARY • BUITENGEWONE

**Provincial Gazette**

**iGazethi YePhondo**

**Kasete ya Profensi**

**Provinsiale Koerant**

**Vol. 21** **KIMBERLEY,** 28 MARCH / MAART 2014 **No. 1791**



**We all have the power to prevent AIDS**

AIDS affects us all

A new struggle

Prevention is the cure

AIDS HELPLINE

0800 012 322

DEPARTMENT OF HEALTH


*N.B. The Government Printing Works will not be held responsible for the quality of "Hard Copies" or "Electronic Files" submitted for publication purposes*


01791

9771682454009

**IMPORTANT NOTICE**

**The Government Printing Works will not be held responsible for faxed documents not received due to errors on the fax machine or faxes received which are unclear or incomplete. Please be advised that an "OK" slip, received from a fax machine, will not be accepted as proof that documents were received by the GPW for printing. If documents are faxed to the GPW it will be the sender's responsibility to phone and confirm that the documents were received in good order.**

**Furthermore the Government Printing Works will also not be held responsible for cancellations and amendments which have not been done on original documents received from clients.**

## CONTENTS • INHOUD


| *No.* | | *Page No.* | *Gazette No.* |
|---|---|---|---|
| | **PROCLAMATIONS • PROKLAMASIES** | | |
| 3 | Northern Cape Use of Official Languanges Act (5/2013): Coming into effect of the Northern Cape Use of Official Languages | 3 | 1791 |
| 3 | Noord-Kaapse Wet op die Gebruik van die Amptelike Tale (5/2013): Inwerkingtreding van die Noord-Kaapse Wet op die Gebruik van Amptelike Tale | 4 | 1791 |
| 4 | Northern Cape Provincial Archives Act (7/2013): Coming into effect of the Northern Cape Provincial Archives | 5 | 1791 |
| 4 | Noord-Kaapse Provinsiale Argiefwet (7/2013): Inwerkingtreding van die Noord-Kaapse Provinsiale Argiefwet | 6 | 1791 |
| 5 | Northern Cape Arts and Culture Council Act (8/2013): Coming into effect of the Northern Cape Arts and Culture Council | 7 | 1791 |
| 5 | Noord-Kaapse Wet op die Kunste en Kultuurraad (8/2013): Inwerkingtreding van die Noord-Kaapse Wet op Kunste en Kultuurraad | 8 | 1791 |
| 6 | Northern Cape Heritage Resources Authority Act (9/2013): Coming into effect of the Northern Cape Heritage Resources Authority | 9 | 1791 |
| 6 | Wet op die Noord-Kaapse Erfenishulpbronowerheid (9/2013): Inwerkingtreding van die Wet op die Noord-Kaapse Erfenishulpbronowerheid | 10 | 1791 |
| | **ALGEMENE KENNISGEWINGS** | | |
| 33 | Noord-Kaapse Provinsiale Argiefwet (7/2013): Indeling van Artikels | 11 | 1791 |
| 34 | Wet op die Noord-Kaapse Kunste en Kultuurraad (8/2013): Indeling van Artikels | 21 | 1791 |
| 35 | Wet op die Noord-Kaapse Erfenishulpbronowerheid (9/2013): Indeling van Artikels | 41 | 1791 |

# PROCLAMATIONS • PROKLAMASIES

**No. 3, 2014**

## PROCLAMATION

**by the Premier of the Northern Cape Province**

**COMING INTO EFFECT OF THE NORTHERN CAPE USE OF OFFICIAL LANGUAGES ACT, 2013 (ACT NO 5 OF 2013)**

In terms of the powers vested in me by section 13 of the Northern Cape Use of Official Languages Act, 2013 (Act No 5 of 2013) I, Sylvia Elizabeth Lucas, Premier of the Northern Cape Province hereby determine 1 April 2014 to be the date on which the above Act shall come into effect.

Given under my hand on the ..........17...... day of March 2014.

..........................

**S E Lucas**

**Premier**

**No. 3, 2014**

## PROKLAMASIE

**deur die Premier van die Provinsie Noord-Kaap**

### INWERKINGTREDING VAN DIE NOORD-KAAPSE WET OP DIE GEBRUIK VAN AMPTELIKE TALE , 2013 (WET NO 5 VAN 2013)

Kragtens die bevoegdheid aan my verleen by artikel 13 van die Noord-Kaapse Wet op die Gebruik van Amptelike Tale, 2013 (Wet No 5 van 2013), bepaal ek, Sylvia Elizabeth Lucas, Premier van die Provinsie Noord-Kaap hierby 1 April 2014 as die datum waarop bogenoemde Wet in werking tree.

Gegee onder my hand op die ...17... dag van Maart 2014.

..............................................

**S E Lucas**

**Premier**

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

**No. 4, 2014**

## PROCLAMATION

### by the Premier of the Northern Cape Province

**COMING INTO EFFECT OF THE NORTHERN CAPE PROVINCIAL ARCHIVES ACT, 2013 (ACT NO 7 OF 2013)**

In terms of the powers vested in me by section 12 of the Northern Cape Provincial Archives Act, 2013 (Act No 7 of 2013), I, Sylvia Elizabeth Lucas, Premier of the Northern Cape Province hereby determine 1 April 2014 to be the date on which the above Act shall come into effect.

Given under my hand on the ..........17..... day of March 2014.

..........................

**S E Lucas**

**Premier**

**No. 4, 2014**

## PROKLAMASIE

### deur die Premier van die Provinsie Noord-Kaap

**INWERKINGTREDING VAN DIE NOORD-KAAPSE PROVINSIALE ARGIEFWET, 2013 (WET NO 7 VAN 2013)**

Kragtens die bevoegdheid aan my verleen by artikel 12 van die Noord-Kaapse Provinsiale Argiefwet, 2013 (Wet No 7 van 2013), bepaal ek, Sylvia Elizabeth Lucas, Premier van die Provinsie Noord-Kaap hierby 1 April 2014 as die datum waarop bogenoemde Wet in werking tree.

Gegee onder my hand op die ...17.. dag van Maart 2014.

.............................................

**S E Lucas**

**Premier**

**No. 5, 2014**

## PROCLAMATION

**by the Premier of the Northern Cape Province**

**COMING INTO EFFECT OF THE NORTHERN CAPE ARTS AND CULTURE COUNCIL ACT, 2013 (ACT NO 8 OF 2013)**

In terms of the powers vested in me by section 25 of the Northern Cape Arts and Culture Council Act, 2013 (Act No 8 of 2013), I, Sylvia Elizabeth Lucas, Premier of the Northern Cape Province hereby determine 1 April 2014 to be the date on which the above Act shall come into effect.

Given under my hand on the ..........17....... day of March 2014.

..........................................

**S E Lucas**

**Premier**

**No. 5, 2014**

**PROKLAMASIE**

**deur die Premier van die Provinsie Noord-Kaap**

**INWERKINGTREDING VAN DIE NOORD-KAAPSE WET OP DIE KUNSTE EN KULTUURRAAD, 2013 (WET NO 8 VAN 2013)**

Kragtens die bevoegdheid aan my verleen by artikel 25 van die Noord-Kaapse Wet op die Kunste en Kultuurraad, 2013 (Wet No 8 van 2013), bepaal ek, Sylvia Elizabeth Lucas, Premier van die Provinsie Noord-Kaap hierby 1 April 2014 as die datum waarop bogenoemde Wet in werking tree.

Gegee onder my hand op die ...17 dag van Maart 2014.

.............................................

**S E Lucas**

**Premier**

**No. 6, 2014**

## PROCLAMATION

### by the Premier of the Northern Cape Province

### COMING INTO EFFECT OF THE NORTHERN CAPE HERITAGE RESOURCES AUTHORITY ACT, 2013 (ACT NO 9 OF 2013)

In terms of the powers vested in me by section 24 of the Northern Cape Heritage Resources Authority Act, 2013 (Act No 9 of 2013), I, Sylvia Elizabeth Lucas, Premier of the Northern Cape Province hereby determine 1 April 2014 to be the date on which the above Act shall come into effect.

Given under my hand on the ..........17..... day of March 2014.

..........................

**S E Lucas**

**Premier**

**No. 6, 2014**

## PROKLAMASIE

### deur die Premier van die Provinsie Noord-Kaap

**INWERKINGTREDING VAN DIE WET OP DIE NOORD-KAAPSE ERFENISHULPBRONOWERHEID, 2013 (WET NO 9 VAN 2013)**

Kragtens die bevoegdheid aan my verleen by artikel 24 van die Wet op die Noord-Kaapse Erfenishulpbronowerheid, 2013 (Wet No 9 van 2013), bepaal ek, Sylvia Elizabeth Lucas, Premier van die Provinsie Noord-Kaap hierby 1 April 2014 as die datum waarop bogenoemde Wet in werking tree.

Gegee onder my hand op die ..17.. dag van Maart 2014.

..........................................

**S E Lucas**

**Premier**

# ALGEMENE KENNISGEWINGS

## KENNISGEWING 33 VAN 2014

## NOORD-KAAPSE PROVINSIALE ARGIEFWET, 2013 (WET 7 VAN 2013)

Die Noord-Kaapse Provinsiale Argiefwet (Wet 7 van 2013) in Engels gepubliseer in Buitengewone Provinsiale Koerant 1784, gedateer 5 Maart 2014, soos deur die Premier goedgekeur, word hiermee ook in Afrikaans gepubliseer vir algemene kennisname.

---

# WET

**Om voorsiening te maak vir 'n Provinsiale Argief vir die Provinsie Noord-Kaap; die behoorlike bestuur en versorging van rekords van regeringsliggame; die bewaring en gebruik van 'n provinsiale argivale erfenis; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Provinsiale Wetgewer van die Provinsie Noord-Kaap, soos volg:-

## INDELING VAN ARTIKELS

**Artikel**

### HOOFSTUK I
### UITLEG

1. Woordomskrywing

### HOOFSTUK II
### DIE PROVINSIALE ARGIEF

2. Instelling van die Noord-Kaapse Provinsiale Argief
3. Doelstellings en werksaamhede van die Provinsiale Argief
4. Provinsiale Argivaris en personeel
5. Bevoegdhede en pligte van Provinsiale Argivaris

### HOOFSTUK III
### REKORDS

6. Bewaring en versorging van rekords
7. Toegang en gebruik van rekords
8. Bestuur van openbare rekords
9. Verkryging en bestuur van nie-openbare rekords

### HOOFSTUK IV
### ALGEMENE BEPALINGS

10. Misdrywe en strawwe
11. Regulasies
12. Kort titel en inwerkingtreding

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

# HOOFSTUK I
# UITLEG

## Woordomskrywing

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken –

"**argiefbewaarplek**" enige argiefbewaarplek beoog in artikel 6(1);

"**argiewe**" rekords in bewaring van 'n argiefbewaarplek;

"**beskikkingsmagtiging**" 'n geskrewe magtiging uitgereik ingevolge artikel 8(2)(a) wat rekords vermeld wat in die bewaring van die Provinsiale Argief oorgeplaas moet word of wat rekords vermeld wat op 'n ander wyse oor beskik moet word;

"**bewaring**" die beheer van rekords gebaseer op die fisiese besit daarvan;

"**Departement**" die Noord-Kaapse Departement verantwoordelik vir kulturele aangeleenthede;

"**Departementshoof**" die Hoof van die Departement verantwoordelik vir kulturele aangeleenthede;

"**elektroniese rekordstelsel**" enige rekordstelsel waarin inligting elektronies gegenereer en deur middel van rekenaartegnologie gestoor word;

"**hierdie Wet**" ook enige regulasie ingevolge hierdie Wet gemaak;

"**hoof van 'n regeringsliggaam**" die hoof-uitvoerende beampte van 'n regeringsliggaam of die persoon wat as sodanig waarneem;

"**keuring**" die argivale funksie waarvolgens die uiteindelike beskikking oor rekords bepaal word;

"**Nasionale Argief**" die Nasionale Argief en Rekordsdiens van Suid-Afrika ingestel by artikel 2 van die Wet op die Nasionale Argief en Rekordsdiens van Suid-Afrika, 1996 (Wet No. 43 van 1996);

"**nie-openbare rekord**" 'n rekord geskep of ontvang deur 'n private individu of 'n liggaam anders as 'n regeringsliggaam soos omskryf in hierdie Wet of die Wet op die Nasionale Argief en Rekordsdiens van Suid-Afrika, 1996 (Wet No. 43 van 1996);

"**openbare rekord**" 'n rekord geskep of ontvang deur 'n regeringsliggaam in die uitvoering van sy aktiwiteite;

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

"**Provinsiale Argief**" die Noord-Kaapse Provinsiale Argief ingestel by artikel 2;

"**Provinsiale Argivaris**" die Provinsiale Argivaris kragtens artikel 4(1) aangestel;

"***Provinsiale Koerant***" die *Provinsiale Koerant* van die Provinsie;

"**Provinsiale Wetgewer**" die Provinsiale Wetgewer van die Provinsie in artikel 104 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, genoem;

"**Provinsie**" die Provinsie Noord-Kaap in artikel 103(1)(g) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 genoem;

"**regeringsliggaam**" enige wetgewende, uitvoerende, regsprekende of administratiewe orgaan van die staat (insluitend 'n statutêre liggaam) op die provinsiale of plaaslike vlak van regering in die Provinsie;

"**rekord**" vasgelegde inligting ongeag die vorm of medium;

"**rekordklassifikasiestelsel**" 'n klassifikasieplan vir die identifikasie, ordening, berging en herwinning van rekords;

"**regulasie**" 'n regulasie uitgevaardig kragtens hierdie Wet;

"**Staatsdienswet**" die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No. 103 van 1994);

"**staatsorgaan**" 'n instelling in artikel 239 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 beskryf;

"**verantwoordelike Lid**" die Lid van die Uitvoerende Raad van die Provinsie verantwoordelik vir die toepassing van hierdie Wet; en

"**voorskryf**" voorskryf by regulasie.

## HOOFSTUK II
## DIE PROVINSIALE ARGIEF

### Instelling van die Noord-Kaapse Provinsiale Argief

**2.** Daar word hierby, binne die Departement, die Noord-Kaapse Provinsiale Argief ingestel.

### Doelstellings en werksaamhede van die Provinsiale Argief

**3.** Die doelstellings en werksaamhede van die Provinsiale Argief is om –

(a) openbare en nie-openbare rekords wat blywende waarde het vir gebruik deur die publiek en die Staat te bewaar;

(b) sulke rekords toeganklik te maak en gebruik daarvan deur die publiek te bevorder;

(c) die behoorlike bestuur en versorging van alle openbare rekords te verseker;

(d) nie-openbare rekords met blywende waarde en van provinsiale belang wat nie op 'n meer doelmatige wyse deur 'n ander instansie bewaar kan word nie, te versamel, met behoorlike inagneming van die behoefte om aspekte van die Provinsie se ervaring wat in die verlede deur argiefbewaarplekke nagelaat is, te dokumenteer;

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

(e) samewerking en koördinering tussen instellings wat bewaarders van nie-openbare rekords met blywende waarde is te bevorder; en

(f) 'n bewustheid van argiewe en rekordbestuur te bevorder, en argivale en rekordbestuursaktiwiteite aan te moedig.

**Provinsiale Argivaris en personeel**

**4.** (1) Die Provinsiale Argief word bestuur deur 'n Provinsiale Argivaris deur die verantwoordelike Lid aangestel op grond van toepaslike ondervinding en argiefkwalifikasie.

(2) Die Provinsiale Argivaris bestuur die Provinsiale Argief onder leiding van die Departementshoof.

(3) Die Provinsiale Argivaris word by die verrigting van sy of haar werksaamhede bygestaan deur werknemers aangestel ingevolge die Staatsdienswet.

(4) (a) Die Provinsiale Argivaris kan, skriftelik en behoudens enige voorwaardes, aan 'n lid van die personeel 'n bevoegdheid delegeer of 'n plig opdra en kan te eniger tyd so 'n delegasie of opdrag intrek.

(b) 'n Delegasie of opdrag ontneem die Provinsiale Argivaris nie van die bevoegdheid gedelegeer of plig opgedra nie, en hy of sy kan te eniger tyd self die bevoegdheid uitoefen of die plig verrig.

**Bevoegdhede en pligte van Provinsiale Argivaris**

**5.** (1) Die Provinsiale Argivaris moet –

(a) die nodige maatreëls tref om rekords te orden, te beskryf en te herwin;

(b) inligting, konsultasie, navorsing en ander dienste met betrekking tot rekords voorsien;

(c) 'n provinsiale lys van nie-openbare rekords in die Provinsie, wat volgens die oordeel van die Departementshoof blywende waarde het, byhou;

(d) 'n keuringsbeleid vir die Provinsiale Argief opstel;

(e) in die algemeen dié ander stappe doen en dié ander handelinge verrig wat nodig of dienstig is ten einde die oogmerke van die Provinsiale Argief te bereik.

(2) Die Provinsiale Argivaris kan –

(a) opleiding in argivale tegnieke en die beheer van rekords voorsien;

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

(b) saamwerk met organisasies wat belangstel in argivale aangeleenthede of die bestuur van rekords;

(c) professionele en tegniese bystand verleen ter ondersteuning van argivale aktiwiteite en die argivale gemeenskap;

(d) met die instemming van die verantwoordelike Lid, 'n regeringsliggaam vrystel van enige bepaling van hierdie Wet;

(e) van 'n persoon wat tydens navorsing vir 'n publikasie of skripsie van rekords in bewaring van die Provinsiale Argief gebruik gemaak het, vereis om 'n kopie van die publikasie of skripsie aan die Provinsiale Argief te verskaf;

(f) die keuringsbeleid en lyste van rekords wat vernietig kan word, in die *Provinsiale Koerant* publiseer; en

(g) met besondere klem op aktiwiteite wat daarop gerig is om uit te reik na minder bevoorregte sektore van die samelewing, inligting met betrekking tot rekords bekendmaak deur middel van metodes soos publikasies, uitstallings en die uitleen van rekords.

## HOOFSTUK III
## REKORDS

**Bewaring en versorging van rekords**

**6.** (1) Die verantwoordelike Lid kan van tyd tot tyd argiefbewaarplekke vir die bewaring van rekords onder die beheer van die Provinsiale Argivaris instel.

(2) Openbare rekords wat in 'n beskikkingsmagtiging geïdentifiseer word as sou dit blywende waarde het, word na 'n argiefbewaarplek oorgeplaas wanneer dit 20 jaar oud is: Met dien verstande dat –

(a) geen ander Parlementswet of Wet van die Provinsiale Wetgewer vereis dat sulke rekords in bewaring van 'n besondere regeringsliggaam of persoon gehou moet word nie;

(b) die Provinsiale Argivaris, na oorleg met die hoof van 'n regeringsliggaam, dié rekords kan identifiseer wat –

(i) in bewaring van 'n regeringsliggaam moet bly; of

(ii) na 'n argiefbewaarplek oorgeplaas moet word voordat dit 20 jaar oud is;

(c) die Provinsiale Argivaris die oorplasing van enige openbare rekords kan uitstel; en

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

(d) die Provinsiale Argivaris toestemming kan verleen dat enige openbare rekord na 'n argiefbewaarplek oorgeplaas word voordat dit 20 jaar oud is.

(3) Die Provinsiale Argivaris moet die stappe doen om rekords te bewaar en te restoureer.

## Toegang en gebruik van rekords

7. (1) Behoudens enige ander Parlementswet of Wet van die Provinsiale Wetgewer wat betrekking het op toegang tot openbare rekords –

(a) is 'n openbare rekord in bewaring van die Provinsiale Argief beskikbaar vir openbare toegang indien 'n tydperk van 20 jaar vanaf die einde van die jaar waarin die rekord tot stand gekom het, verloop het;

(b) kan die Provinsiale Argivaris op versoek toegang verleen tot 'n openbare rekord ten opsigte waarvan 'n tydperk korter as 20 jaar vanaf die einde van die jaar waarin die rekord tot stand gekom het, verloop het.

(2) 'n Nie-openbare rekord in bewaring van die Provinsiale Argief is beskikbaar vir openbare toegang behoudens enige voorwaardes waarop ooreengekom is tydens verkryging ingevolge artikel 9 (1) van hierdie Wet.

(3) Ondanks subartikels (1) en (2) kan die Provinsiale Argivaris toegang tot 'n rekord weier op grond van die swak toestand daarvan, behoudens 'n reg tot appèl na die Departementshoof teen die weiering.

(4) Die verantwoordelike Lid kan regulasies uitvaardig ten opsigte van die toelating van die publiek tot argiefbewaarplekke, die beskikbaarstelling van rekords vir openbare toegang en die gebruik van toerusting vir die maak van afdrukke van of uittreksels uit rekords in bewaring van die Provinsiale Argief.

## Bestuur van openbare rekords

8. (1) Behoudens die bepalings van hierdie Wet is die Provinsiale Argivaris verantwoordelik vir die behoorlike bestuur en versorging van openbare rekords in bewaring van regeringsliggame.

(2) Sonder om die algemeenheid van subartikel (1) te beperk –

(a) mag geen openbare rekord onder die beheer van 'n regeringsliggaam na 'n argiefbewaarplek oorgeplaas word, of vernietig, uitgewis of op enige ander wyse oor beskik word nie sonder die skriftelike magtiging van die Provinsiale Argivaris;

(b) moet die Provinsiale Argivaris –

(i) rekordklassifikasiestelsels wat deur regeringsliggame toegepas moet word, bepaal;

(ii) die voorwaardes vir die mikroverfilming of elektroniese reproduksie van rekords bepaal; en

(iii) die voorwaardes vir die bestuur van elektroniese rekordstelsels bepaal;

(c) moet die Provinsiale Argivaris openbare rekords inspekteer vir sover sodanige inspeksie nodig is vir die verrigting van sy of haar werksaamhede kragtens hierdie Wet: Met dien verstande dat die inspeksie van openbare rekords wat inligting bevat ten opsigte waarvan die bekendmaking beperk word deur 'n ander Parlementswet of Wet van die Provinsiale Wetgewer, slegs gedoen mag word met die toestemming van die hoof van die betrokke regeringsliggaam.

(3) Die verantwoordelike Lid kan regulasies uitvaardig met betrekking tot die bestuur en versorging van openbare rekords in bewaring van regeringsliggame.

(4) Die Provinsiale Argivaris kan van tyd tot tyd voorskrifte en instruksies uitreik, wat nie teenstrydig met hierdie Wet mag wees nie, met betrekking tot die bestuur en versorging van openbare rekords in bewaring van regeringsliggame.

(5) Die hoof van 'n regeringsliggaam moet, behoudens enige wet wat die indiensstelling van personeel van die betrokke regeringsliggaam reël en sodanige vereistes as wat voorgeskryf word, 'n beampte van die liggaam aanwys as rekordbestuurder van die liggaam.

(6) Die rekordbestuurder is daarvoor verantwoordelik om toe te sien dat die regeringsliggaam aan die vereistes van hierdie Wet voldoen.

(7) Bykomende bevoegdhede en werksaamhede kan vir 'n rekordbestuurder voorgeskryf word.

## Verkryging en bestuur van nie-openbare rekords

9. (1) Die Provinsiale Argivaris kan deur middel van aankoop of skenking of in bruikleen, hetsy tydelik of permanent, hetsy onvoorwaardelik of op die voorwaardes waarop ooreengekom word, namens die Staat nie-openbare rekords verkry wat na sy of haar mening blywende waarde van provinsiale betekenis het en nie op 'n meer doelmatige wyse deur 'n ander instansie bewaar kan word nie.

(2) Behoudens die voorwaardes wat van toepassing kan wees, moet nie-openbare rekords wat kragtens subartikel (1) verkry is, geplaas word in die argiefbewaarplek wat die Provinsiale Argivaris bepaal.

(3) Geen persoon of instelling wat nie-openbare rekords wat opgeneem is in die provinsiale lys in artikel 5(1)(c) genoem in sy of haar bewaring het, mag sodanige rekords vernietig, uitvoer of op 'n ander manier daarvan ontslae raak nie sonder om –

(a) sy of haar voorneme om van die rekords ontslae te raak minstens 90 dae vooraf aan die Provinsiale Argivaris bekend te maak nie; en

(b) die Provinsiale Argivaris se goedkeuring daarvoor te verkry nie.

## HOOFSTUK IV
## ALGEMENE BEPALINGS

### Misdrywe en strawwe

**10.** (1) Iemand wat –

(a) opsetlik enige openbare of nie-openbare rekord onder die beheer van 'n regeringsliggaam beskadig; of

(b) so 'n rekord anders as ooreenkomstig hierdie Wet of enige ander wet verwyder, vernietig of uitwis,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 2 jaar of met beide daardie boete en gevangenisstraf.

(2) Iemand wat versuim om te voldoen aan artikel 9 is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R10 000.00 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 2 jaar of met beide daardie boete en gevangenisstraf.

(3) Die Provinsiale Argivaris kan vir die tydperk wat hy of sy goedvind, weier om aan iemand wat aan 'n misdryf ingevolge subartikel (1) skuldig bevind is, toegang tot 'n argiefbewaarplek te verleen, behoudens 'n appèl na die Departementshoof.

### Regulasies

**11.** (1) Die verantwoordelike Lid kan, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, regulasies maak aangaande –

(a) die instelling van 'n Provinsiale Raadgewende Argiefraad en om te voorsien vir sy samestelling, werksaamhede en vergoeding;

(b) die bedinge en voorwaardes wat die oordrag van rekords kragtens artikel 6(2) reël;

(c) die toelating van die publiek tot argiefbewaarplekke, die beskikbaarstelling van rekords vir openbare toegang en die gebruik van toerusting vir die maak van afskrifte van of uittreksels uit rekords in bewaring by die Provinsiale Argief;

(d) die bestuur en versorging van openbare rekords in bewaring van owerheidsliggame;

(e) vereistes rakende die toewysing van 'n beampte op die diensstaat van 'n owerheidsliggaam om die rekordbestuurder van die liggaam te wees;

(f) bykomende bevoegdhede en werksaamhede van rekordbestuurders; en

(g) enige aangeleentheid wat nodig of dienstig is om voor te skryf ten einde die doelstellings van hierdie Wet te bereik of te bevorder.

**Kort titel en inwerkingtreding**

**12.** Hierdie Wet heet die Noord-Kaapse Provinsiale Argiefwet, 2013, en tree in werking op 'n datum deur die Premier by proklamasie in die *Provinsiale Koerant* bepaal.

## KENNISGEWING 34 VAN 2014

## WET OP DIE NOORD-KAAPSE KUNSTE EN KULTUURRAAD, 2013 (WET 8 VAN 2013)

Die Wet op die Noord-Kaapse Kunste en Kultuurraad (Wet 8 van 2013) in Engels gepubliseer in Buitengewone Provinsiale Koerant 1784, gedateer 5 Maart 2014, soos deur die Premier goedgekeur, word hiermee ook in Afrikaans gepubliseer vir algemene kennisname.

---

# WET

**Om 'n regspersoon bekend as die Noord-Kaapse Kunste en Kultuurraad in te stel; om sy doelstellings, werksaamhede en werking te bepaal; om sy personeel- en finansiële aangeleendiede te reël; en om voorsiening te maak vir aangeleendiede wat daarmee in verband staan.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Provinsiale Wetgewer van die Provinsie Noord-Kaap soos volg:-

INDELING VAN ARTIKELS

**Artikel**

HOOFSTUK I
UITLEG

1. Woordomskrywing

HOOFSTUK II
DIE RAAD

2. Instelling van die Noord-Kaapse Kunste en Kultuurraad
3. Doelstellings van die Raad
4. Samestelling van die Raad
5. Bevoegdhede en werksaamhede van die Raad
6. Ampstermyn van Raadslede en vulling van vakatures
7. Geskiktheid om in die Raad te dien
8. Botsende belange
9. Verwydering uit die amp
10. Vergoeding van lede van Raad
11. Vergaderings van die Raad
12. Komitees van Raad

HOOFSTUK III
PERSONEELAANGELEENDIEDE

13. Personeel van die Raad en vergoeding
14. Hoof uitvoerende beampte
15. Verwydering van hoof uitvoerende beampte uit die amp
16. Indiensnemingskontrak en prestasie-ooreenkoms van hoof uitvoerende beampte

## HOOFSTUK IV
## FINANSIES EN VERKRYGINGSADMINISTRASIE

17. Finansies
18. Rekenpligtigheid, oudits en verslae
19. Bewilliging van inkomste en eiendom
20. Verkrygingsadministrasie

## HOOFSTUK V
## ALGEMENE BEPALINGS

21. Delegasie
22. Regulasies
23. Herroeping van wette
24. Oorgangs- en oprigtingsmaatreëls
25. Kort titel en inwerkingtreding

## HOOSTUK I
## UITLEG

**Woordomskrywing**

**1.** In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken, –

"**boekjaar**" die periode wat op die eerste dag van April in enige jaar begin tot op die een-en-dertigste dag van Maart in die daaropvolgende jaar, met inbegrip van albei dae;

"**Departement**" die Provinsiale Departement verantwoordelik vir kunste en kultuur in die Provinsie;

"**Departementshoof**" die Hoof van die Departement verantwoordelik vir kunste en kultuur in die Provinsie;

"**die kunste**" ook alle vorme van musiek, dans, drama, toneel, kunsvlyt, beeldende kuns, letterkunde en gemeenskapskuns;

"**distriksmunisipaliteit**" 'n distriksmunisipaliteit soos omskryf in die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998);

"**familielid**" iemand se –

(a) gade; of
(b) kind, ouer, broer of suster, hetsy van geboorte, huwelik of by aanneming;

"**Grondwet**" die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;

"**hierdie Wet**" ook enige regulasie ingevolge hierdie Wet gemaak;

"**hoof uitvoerende beampte**" die hoof uitvoerende beampte kragtens artikel 13(1) aangestel;

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

"**hoof van die provinsiale tesourie**" die hoof van die provinsiale tesourie in die Provinsie genoem in artikel 17(1)(a) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999);

"**komitee**" 'n komitee van die Raad kragtens artikel 12 aangestel;

"**lid**" 'n lid van die Raad;

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

"**politieke ampsbekleër**" –

(a) 'n lid van die Nasionale Vergadering of die Nasionale Raad van Provinsies of die Kabinet;
(b) 'n lid van 'n provinsiale wetgewer;
(c) 'n diplomatieke verteenwoordiger van die Republiek wat nie 'n lid van die staatsdiens is nie;
(d) 'n lid van 'n huis of raad van tradisionele leiers;
(e) 'n lid van 'n munisipale raad; of
(f) 'n nasionale of provinsiale ampsbekleër van enige politieke party;

"**Premier**" die Premier van die Provinsie in artikel 125 van die Grondwet genoem;

"***Provinsiale Koerant***" die *Provinsiale Koerant* van die Provinsie;

"**Provinsie**" die Provinsie Noord-Kaap in artikel 103(1)(g) van die Grondwet genoem, of enige gedeelte daarvan;

"**Raad**" die Noord-Kaapse Kunste en Kultuurraad by artikel 2 ingestel;

"**Republiek**" die Republiek van Suid-Afrika in artikel 1 van die Grondwet genoem;

"**staatsorgaan**" 'n instelling in artikel 239 van die Grondwet beskryf;

"**streek**" die regsgebied van 'n distriksmunisipaliteit;

"**Uitvoerende Raad**" die Uitvoerende Raad van die Provinsie in artikel 132 van die Grondwet genoem;

"**verantwoordelike Lid**" die Lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir kunste en kultuur in die Provinsie; en

"**voorsitter**" die voorsitter van die Raad kragtens artikel 4(6) aangestel.

## HOOFSTUK II
## DIE RAAD

**Instelling van die Noord-Kaapse Kunste en Kultuurraad**

2. 'n Regspersoon bekend as die Noord-Kaapse Kunste en Kultuurraad word hierby ingestel.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

## Doelstellings van die Raad

3. Die doelstellings van die Raad is, om binne die Provinsie, –

(a) mense aan te moedig en vir hulle geleenthede te skep om die kunste te beoefen;

(b) die waardering, begrip en genot van die kunste te bevorder;

(c) die algemene aanwending van die kunste in die gemeenskap te bevorder;

(d) die reg van mense op die vrye beoefening van die kunste te handhaaf en bevorder;

(e) historiese ongelykhede in die voorsiening van infrastruktuurbefondsing vir bevordering van die kunste aan te spreek;

(f) die kunste te ontwikkel en bevorder en voortreflikheid by uitvoering en uitrdrukking in kunswerke en –vorme te ontwikkel;

(g) finansiering vir geriewe waar kuns en –kultuuraktiwiteite beoefen kan word te voorsien; en

(h) innovasies en kreatiwiteit by alle kunswerke en –vorme aan te moedig en te erken.

## Samestelling van die Raad

4. (1) Die Raad bestaan uit 8 lede wat, behoudens subartikel (4), deur die verantwoordelike Lid aangestel word.

(2) Elkeen van die 5 streke in die Provinsie word in die Raad verteenwoordig.

(3) Die verantwoordelike Lid moet, alvorens lede aangestel word, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant* en in minstens een koerant wat in die Provinsie in omloop is, belanghebbendes nooi om persone te nomineer wat geskik is vir aanstelling as lede van die Raad.

(4) Raadslede moet besondere kennis of ondervinding hê van –

(a) musiek;

(b) dans;

(c) toneel;

(d) film en video;

(e) woordkuns;

(f) retorika;

(g) beeldende kunste;

(h) kunsvlyt;

(i) gemeenskapskuns en -kultuur;

(j) kunsopvoeding;

(k) kunstegniek;

(l) die reg;

(m) finansies; of

(n) bestuur,

en moet algemeen verteenwoordigend van die geslags-, taal- en gemeenskapsamestelling van die Provinsie wees.

(5) Die Departementshoof of 'n beampte deur die Departementshoof aangewys om die Departement te verteenwoordig en die hoof uitvoerende beampte kan teenwoordig wees en deelneem aan die besprekings by die vergaderings van die Raad, maar is nie lede van die Raad nie en kan nie by die vergaderings stem nie.

(6) Die verantwoordelike Lid stel 'n lid van die Raad as voorsitter en 'n ander lid as ondervoorsitter aan.

(7) Vóór aanstelling as lid van die Raad, lê die kandidaat 'n beëdigde verklaring aan die verantwoordelike Lid voor, waarin die kandidaat verklaar dat hy of sy –

(a) beskikbaar is vir die aanstelling; en

(b) nie kragtens hierdie Wet ongeskik is vir sodanige aanstelling nie.

(8) Die verantwoordelike Lid kan te eniger tyd daarop aandring dat bevredigende bewys aan hom of haar gelewer word van die volgehoue geskikteheid van enige lid of voornemende lid van die Raad, of om enige ondersoek of navrae in dié verband te onderneem of te laat onderneem.

**Bevoegdhede en werksaamhede van die Raad**

**5.** Ten einde sy doelstellings te verwesenlik, kan die Raad –

(a) finansiële bystand, advies en inligting aan mense, organisasies en instellings wat hom vir daardie doel nader, gee;

(b) die behoefte ondersoek en vasstel, en bystand, advies en inligting aan mense, organisasies en instellings gee;

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

(c) billikheid in die kunste en kultuur bevorder en aamoedig;

(d) navorsing in verskillende vertakkinge van die kuns doen;

(e) 'n databasis van mense, organisasies, instellings, toerusting en fasiliteite instel, saamstel en byhou;

(f) met die skriftelike toestemming van die verantwoordelike Lid fondse om die doelstellings van hierdie Wet te bevorder, insamel;

(g) met skriftelike goedkeuring van die verantwoordelike Lid met mense, organisasies en instellings ooreenkomste aangaan;

(h) enige onderneming of instelling wat binne die sfeer van sy doelstellings, bevoegdhede of werksaamhede funksioneer instel, byhou en bedryf;

(i) opleiding in enige kunstevorm gee en enige instelling wat daardie opleiding gee instel, byhou en bedryf;

(j) roerende goed koop, verkry, besit, huur, vervreem of uithuur, verpand of beswaar en met die goedkeuring van die verantwoordelike Lid, met die instemming van die hoof van die provinsiale tesourie, onroerende goed koop, verkry, besit, huur, vervreem of uithuur, verpand of beswaar;

(k) op versoek, die verantwoordelike Lid oor aangeleenthede en beleid aangaande die kunste en kultuur adviseer;

(l) inligting aangaande sy doelstellings en werksaamhede publiseer;

(m) kwartaalliks oor sy aktiwiteite aan die verantwoordelike Lid verslag doen; en

(n) daardie ander werksaamhede wat nodig is om die doelstellings van hierdie Wet te verwesenlik, uitvoer.

**Ampstermyn van lede van die Raad en aanvul van vakatures**

**6.** (1) 'n Lid word vir 'n tydperk van 5 jaar aangestel.

(2) 'n Lid wie se ampstermyn verstryk het, kan weer aangestel word, maar mag nie meer as 2 ampstermyne uitdien nie.

(3) 'n Vakature in die Raad word aangevul op dieselfde manier as wat die lid wat die amp ontruim het veronderstel was om aangestel te gewees het, en die lid aldus aangestel, dien vir die onverstreke gedeelte van die tydperk waarvoor die lid wat die amp ontruim het, aangestel was.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

**Geskiktheid om in die Raad te dien**

7. (1) Om geskik te wees om as lid van die Raad te dien en om in daardie amp voort te gaan, moet sò iemand –

(a) 'n natuurlike persoon wees;

(b) nie onderworpe wees aan 'n diskwalifisering in subartikel (2) uiteengesit nie;

(c) die beëdigde verklaring in artikel 4(7) genoem by die verantwoordelike Lid indien; en

(d) 'n burger van die Republiek wees en gewoonlik in die land woon.

(2) Niemand dien as lid van die Raad as hy of sy –

(a) 'n politieke ampsbekleër is nie;

(b) 'n ongerehabiliteerde insolvent is, of insolvent word en die insolvensie tot die sekwestrasie van sy of haar boedel lei nie;

(c) ooit op grond van wangedrag uit 'n vertrouensamp ontslaan is, of ontslaan word nie;

(d) aan 'n bevel van 'n hof met regsbevoegdheid wat hom of haar geestelik versteurd bevind het, onderworpe is nie;

(e) in die voorafgaande 10 jaar in die Republiek of elders aan diefstal, bedrog, vervalsing of uitgee van 'n vervalste stuk, meineed, 'n misdryf ingevolge die Wet op Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede, 2004 (Wet No. 12 van 2004), 'n misdryf ingevolge Hoofstuk 2 of 3 van die Voorkoming van Georganiseerde Misdaadwet, 1998 (Wet No. 121 van 1998), 'n misdryf ingevolge die Finansiële Intelligensiesentrumwet, 2001 (Wet No. 38 van 2001) of 'n misdryf wat oneerlikheid behels, skuldig bevind is, of skuldig bevind word nie; of

(f) aan enige ander misdryf begaan ná die inwerkingtreding van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1993 (Wet No. 200 van 1993) skuldig bevind is en tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete gevonnis is nie.

(3) Die bepalings van subartikels (1) and (2), gelees in samehang met die veranderings vereis deur die konteks, is op enige beampte in artikel 4(5) bedoel, van toepassing.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

## Botsende belange

8. (1) 'n Lid van die Raad –

(a) doen nie mee aan enige aktiwiteit wat die integriteit van die Raad kan ondermyn nie;

(b) woon nie die verrigtinge van 'n vergadering by, neem nie daaraan deel of oefen nie 'n invloed daarop uit nie as die betrokke lid ten opsigte van die aangeleentheid wat voor die Raad dien, 'n belang het wat hom of haar verhinder om die pligte van 'n lid van die Raad op 'n regverdige, onbevooroordeelde en behoorlike wyse na te kom;

(c) stem nie by enige vergadering van die Raad oor 'n aangeleentheid bedoel in paragraaf (b) nie;

(d) maak nie privaat gebruik van of trek nie voordeel uit enige vertroulike inligting verkry in die nakoming van sy of haar pligte as lid van die Raad nie; of

(e) maak nie enige inligting in pragraaf (d) genoem aan enige derde party bekend nie, tensy dit as deel van sy of haar amptelike werksaamhede as lid van die Raad vereis word.

(2) Indien dit te eniger tyd vir 'n lid van die Raad lyk of 'n aangeleentheid wat voor die Raad dien, betrekking het op 'n belang van die betrokke lid in subartikel (1)(b) genoem -

(a) onthul die lid die aard van daardie belang onmiddellik en volledig aan die vergadering; en

(b) onttrek die lid van die vergadering sodat die oorblywende lede die aangeleentheid kan bespreek en bepaal of die lid verbied behoort te word om aan enige verdere verrigtinge aangaande die aangeleentheid deel te neem.

## Verwydering uit die amp

9. (1) Die verantwoordelike Lid kan, by skriftelike kennisgewing, 'n lid van die Raad uit die amp verwyder –

(a) op grond van wangedrag of onbekwaamheid;

(b) as die lid onderworpe raak aan 'n diskwalifisering in artikel 7(2) bedoel;

(c) indien die lid in een jaar meer as twee vergaderings van die Raad sonder geldige rede mis of, in die geval van afwesigheid om mediese redes, versuim om 'n geldige mediese sertifikaat te toon.

(2) 'n Besluit om 'n lid van die Raad op grond van wangedrag of onbekwaamheid uit die amp te verwyder, word gegrond op 'n bevinding te dien effekte deur 'n ondersoektribunaal wat deur die verantwoordelike Lid aangestel is.

(3) 'n Kennisgewing in subartikel (1) bedoel, gee die redes vir die verwydering uit die amp van die lid aan.

(4) Die verantwoordelike Lid kan te eniger tyd die Raad ontbind as hy of sy op redelike gronde oortuig is dat die Raad nie behoorlik funksioneer nie of dat dit in die belang van die gemeenskap of die publiek is om dit te ontbind.

## Vergoeding van lede van Raad

10. (1) 'n Lid van die Raad word sodanige redelike vergoeding en toelaes uit die fondse van die Raad betaal soos wat die verantwoordelike Lid, met die instemming van die hoof van die provinsiale tesourie, van tyd tot tyd mag bepaal.

(2) 'n Lid van die Raad wat voltyds in diens van 'n staatsorgaan is, ontvang nie kragtens subartikel (1) vergoeding nie.

(3) Vergoeding kragtens subartikel (1) bepaal, word deur die verantwoordelike Lid in die *Provinsiale Koerant* gepubliseer voordat dit in werking tree.

(4) Lede van die Raad is geregtig op vergoeding vir enige redelike reis- en verblyfuitgawes wat hulle aangaan in die verrigting van hul werksaamhede as lede van die Raad.

## Vergaderings van die Raad

11. (1) Die voorsitter kan die datum, tyd en plek vir die eerste vergadering van die Raad bepaal en bepaal in oorleg met die Raad die datum, tyd en plek vir elke daaropvolgende vergadering.

(2) Die voorsitter bepaal in oorleg met die Raad prosedures vir vergaderings van die Raad, met behoorlike inagneming van die beginsels van openlikheid en deursigtigheid.

(3) 'n Meerderheid van die lede van die Raad bedoel in artikel 4(1) vorm 'n kworum vir 'n vergadering van die Raad.

(4) Die Raad moet probeer om sy besluite deur konsensus te neem.

(5) As die Raad nie konsensus kan bereik oor enige aangeleentheid wat voor hom dien nie, kan hy die saak deur 'n gewone meerderheidstem op 'n mosie beslis.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

(6) In die geval van 'n staking van stemme rakende enige aangeleentheid waaroor gestem word, het die voorsitter 'n beslissende stem bykomend tot sy of haar gewone stem.

(7) Die Raad bepaal behoudens subartikels (4), (5) en (6) reëls vir sy eie verrigtinge.

(8) Die hoof uitvoerende beampte hou notule of laat notule van die vergaderings van die Raad hou.

(9) Notules van die verrigtinge van die vergaderings van die Raad word by die kantore van die Raad gehou en is toeganklik vir die publiek.

(10) Niemand wat toegang het tot inligting wat die Raad as vertroulik klassifiseer, mag die inligting sonder toestemming van die Raad openbaar maak nie.

(11) Indien 'n bepaalde persoon in staat is om die Raad by die oorweging van 'n bepaalde aangeleentheid behulpsaam te wees, kan die Raad die persoon vir die doel koöpteer.

(12) Sodanige gekoöpteerde persoon het nie die reg om by 'n vergadering van die Raad of 'n komitee van die Raad te stem nie.

(13) Die Raad vergader ten minste een keer elke 3 maande om onder andere die verslag in artikel 5(m) genoem, te oorweeg.

(14) Die verantwoordelike Lid kan 'n vergadering van die Raad belê as die Raad versuim om aan subartikel (13) te voldoen.

(15) Die voorsitter belê 'n buitengewone vergadering van die Raad as die verantwoordelike Lid, die meerderheid van lede van die Raad of die hoof uitvoerende beampte daarvoor vra.

(16) Wanneer 'n aangeleentheid wat voor die Raad moet dien uiteraard die onmiddellike en dringende aandag van die Raad verg en dit nie vir die Raad moontlik is om te vergader om daaraan aandag te gee nie, word alle dokumentasie met betrekking tot sodanige aangeleentheid sonder verwyl deur die hoof uitvoerende beampte aan alle lede vir oorweging beskikbaar gestel.

(17) Behoudens subartikel (18) is 'n aangeleentheid genoem in subartikel (16), waaroop skriftelik deur 'n gewone meerderheid van die Raadslede ooreengekom word, 'n besluit van die Raad.

(18) 'n Besluit in subartikel (17) bedoel, word deur die hoof uitvoerende beampte aan die Raad oorgedra by die Raad se volgende vergadering en aldus in die notules van daardie vergadering aangeteken.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

**Komitees van Raad**

**12.** (1) Die Raad kan komitees instel, met die bevoegdheid om ander persone te koöpteer, om hom by te staan met die behoorlike en korrekte uitoefening en verrigting van sy bevoegdhede en werksaamhede kragtens hierdie Wet en kan ook enige komitee wat op hierdie wyse ingestel is, ontbind, uitbrei, vergroot of beperk.

(2) (a) 'n Komitee ingevolge subartikel (1) ingestel, bestaan uit minstens drie lede aangewys deur die Raad wat geskik en behoorlik gekwalifiseer of ervare is aangaande aangeleenthede wat op die werksaamhede van die betrokke komitee betrekking het.

(b) Die Raad benoem 'n raadslid wat op 'n komitee dien as die voorsitter van sodanige komitee.

(3) 'n Gekoöpteerde lid van 'n komitee dien in 'n raadgewende hoedanigheid en kan nie by enige vergadering van sodanige komitee stem nie.

## HOOFSTUK III
## PERSONEELAANGELEENTHEDE

**Personeel van Raad en vergoeding**

**13.** (1) Die Raad –

(a) stel, met die instemming van die verantwoordelike Lid, 'n paslik gekwalifiseerde en ervare persoon as hoof uitvoerende beampte aan, wat behoudens artikels 14, 15 en 16 –

(i) onderhewig aan die voorskrifte en beheer van die Raad vir alle finansiële en administratiewe verantwoordelikhede met betrekking tot die werksaamhede van die Raad verantwoordelik is; en

(ii) aan die Raad verantwoording doen;

(b) bepaal, met die instemming van die verantwoordelike Lid, 'n personeeldiensstaat vir die Raad; en

(c) kan enige ander personeel wat nodig mag wees om die Raad in staat te stel om sy werksaamhede te verrig, aanstel op die diensstaat in paragraaf (b) bedoel.

(2) Artikel 7(1) en (2) en artikel 8, gelees in samehang met die veranderings vereis deur die konteks, is van toepassing op die hoof uitvoerende beampte en elke personneellid wat kragtens hierdie Wet aangestel is.

(3) Die Raad kan, met die instemming van die verantwoordelike Lid en die hoof van die provinsiale tesourie, die vergoeding, toelaes, diensvoordele en ander bedinge en voorwaardes van aanstelling van 'n persoon kragtens subartikel (1) aangestel, bepaal.

(4) Die Raad kan sy bevoegdhede kragtens subartikel (1)(c) aan die hoof uitvoerende beampte delegeer.

(5) Die verantwoordelike Lid kan, na oorlegpleging met die Raad, ooreenkomstig artikel 15(3) van die Staatsdienswet, 1994, enige werknemer op die diensstaat van die Departement aan die Raad sekondeer.

## Hoof uitvoerende beampte

**14.** (1) Die hoof uitvoerende beampte, aangestel kragtens artikel 13(1), is iemand met gepaste kwalifikasies, kennis of ondervinding van die sake en werksaamhede van die Raad.

(2) Die hoof uitvoerende beampte moet deeglike kennis van die finansiële- en verkrygingsadministrasievoorskrifte wat op die Raad betrekking het, hê.

(3) By aanstelling van 'n hoof uitvoerende beampte vra die Raad by openbare uitnodiging aansoeke vir die betrokke betrekking.

(4) Die hoof uitvoerende beampte word aangestel vir die tydperk en op die bedinge en diensvoorwaardes wat die Raad, behoudens artikel 13(3), mag bepaal, maar –

(a) die hoof uitvoerende beampte word aangestel vir 'n tydperk van hoogstens 5 jaar;

(b) by verstryking van die dienstermyn van die hoof uitvoerende beampte, kan hy of sy slegs vir een verdere termyn van 5 jaar in aanmerking kom vir heraanstelling;

(c) die hoof uitvoerende beampte onderneem nie enige ander besoldigde werk sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Raad nie.

(5) Die hoof uitvoerende beampte kan met 3 maande skriftelike kennisgewing aan die Raad uit sy of haar amp bedank.

(6) Wanneer die amp van die hoof uitvoerende beampte vakant is of die hoof uitvoerende beampte afwesig of onbevoeg is of versuim of weier om op te tree, kan die bevoegdhede en werksaamhede van die hoof uitvoerende beampte uitgeoefen en verrig word deur enigiemand wat deur die verantwoordelike Lid as die waarnemende hoof uitvoerende beampte aangewys word, maar sodanige persoon tree nie vir langer as 'n totaal van 6 maande as waarnemende hoof uitvoerende beampte op nie.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

(7) Terwyl iemand aangestel soos in subartikel (6) bedoel, sodanig waarneem, kan hy of sy die hoof uitvoerende beampte se bevoegdhede uitoefen en sy of haar werksaamhede verrig.

**Verwydering van hoof uitvoerende beampte uit die amp**

**15.** (1) Die Raad kan die hoof uitvoerende beampte uit die amp verwyder –

(a) op grond van sy of haar onbehoorlike optrede;

(b) vanweë ongeskiktheid vir die werksaamhede van sy of haar amp;

(c) op grond van 'n permanente ongesteldheid van gees of liggaam wat hom of haar onbekwaam maak om die werksaamhede van sy of haar amp te verrig of behoorlik te verrig;

(d) op grond daarvan dat hy of sy onderworpe geraak het aan 'n diskwalifisering in artikel 7(2) bedoel.

(2) Die Raad kan 'n verhoor of ondersoek onderneem om te bepaal of daar voldoende rede vir die afdanking van die hoof uitvoerende beampte soos bedoel in subartikel (1), bestaan.

(3) Wanneer 'n verhoor of ondersoek soos in subartikel (2) bedoel, onderneem word, kan die Raad met behoorlike inagneming van die bepalings van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet No. 66 van 1995), die hoof uitvoerende beampte uit sy of haar amp skors, hangende die bevinding van sodanige verhoor of ondersoek.

(4) Vir die doeleindes van subartikel (1)(a), geld nie-nakoming deur die hoof uitvoerende beampte van enige bepaling van hierdie Wet of die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999), onder andere, as onbehoorlike optrede.

**Indiensnemingskontrak en prestasie-ooreenkoms van hoof uitvoerende beampte**

**16.** (1) Die aanstelling van die hoof uitvoerende beampte deur die Raad, soos bedoel in artikel 13(1), word van krag vanaf die datum waarop 'n skriftelike indiensnemingskontrak met die Raad aangegaan word, welke kontrak die duur van sy of haar ampstermyn as hoof uitvoerende beampte dek.

(2) Die indiensnemingskontrak in subartikel (1) bedoel, bevat minstens die hoof uitvoerende beampte se persoonlike besonderhede, ampstermyn, diensvoorwaardes, bevoegdhede, werksaamhede, verantwoordelikhede en pligte, asook sy of haar vergoeding, toelaes en voordele.

(3) Bykomend tot die indiensnemingskontrak soos in subartikel (1) bedoel, gaan die hoof uitvoerende beampte jaarliks vóór die aanvang van die betrokke boekjaar 'n prestasie-ooreenkoms met die Raad aan, welke prestasie-ooreenkoms se termyn met die boekjaar van die Raad saamval.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

(4) Die prestasie-ooreenkoms in subartikel (3) bedoel, verwys minstens na die boekjaar waarop sodanige prestasie-ooreenkoms betrekking het, die doel van die hoof uitvoerende beampte se werk, die sleutelresultate-areas, finansiële en bestuurskriteria, prestasieriglyne en doelwitte van sodanige werk, asook die standaarde vir die beoordeling van die hoof uitvoerende beampte se prestasie op minstens 'n tweejaarlikse grondslag.

## HOOFSTUK IV
## FINANSIES EN VERKRYGINGSADMINISTRASIE

### Finansies

**17.** (1) Die Raad word gefinansier uit –

(a) geld deur die Provinsiale Wetgewer vir die Raad bewillig;

(b) enige geld aan die Raad betaalbaar kragtens hierdie Wet;

(c) inkomste wat die Raad kragtens subartikel (6) uit sy belegging en deponering van oortollige geld kry; en

(d) alle gelde wat wettig uit enige bron aan die Raad toeval.

(2) Die boekjaar van die Raad strek oor die tydperk van 1 April in enige jaar tot 31 Maart van die daaropvolgende jaar.

(3) Die voorskrifte in die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999) en die Tesourieregulasies vervat wat deur 'n provinsiale openbare instelling nagekom moet word, geld vir die Raad.

(4) Die Raad open en onderhou 'n rekening in die naam van die Raad by 'n geregistreerde bank in die Republiek en -

(a) deponeer al die geld wat die Raad ontvang in daardie rekening; en

(b) maak elke betaling namens die Raad uit daardie rekening.

(5) Enige onttrekking uit die rekening van die Raad word namens hom gemagtig deur twee persone wat deur die Raad vir die doel gemagtig is.

(6) Die Raad kan geld van die Raad wat nie onmiddellik vir gebeurlikhede of lopende uitgawes benodig word nie, belê of deponeer –

(a) in 'n dagrekening of korttermyn- vaste deposito by enige geregistreerde bank of finansiële instelling in die Republiek; of

(b) in 'n beleggingsrekening by die Korporasie vir Openbare Deposito's, ingestel kragtens artikel 2 van die Wet op die Korporasie vir Openbare Deposito's, 1984 (Wet No. 46 van 1984).

(7) 'n Saldo ten bate van die Raad aan die einde van 'n boekjaar van die Raad, uitgesonder geld wat die verantwoordelike Lid as noodsaaklik vir die redelike onmiddellike lopende uitgawes van die Raad goedkeur, word in die Provinsiale Inkomstefonds inbetaal.

(8) Geen lening word aan 'n lid van die Raad, of 'n lid van die personeel van die Raad, of aan 'n familielid van sodanige lid van die Raad, of lid van die personeel van die Raad uit die fondse van die Raad of uit enige ander fondse wat deur die Raad geadministreer of in trust gehou word, gemaak nie.

**Rekenpligtigheid, oudits en verslae**

**18.** (1) Die Raad –

(a) gee rekenskap van Staats- en ander geld wat ontvang is deur, of betaal is vir of namens die Raad; en

(b) hou die nodige boekhoukundige en verwante rekords by,

ooreenkomstig die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999).

(2) Die rekords in subartikel 1(b) genoem, word deur die Ouditeur-Generaal ge-oudit.

(3) Die Raad doen deur die Departementshoof minstens kwartaalliks skriftelik aan die verantwoordelike Lid oor sy aktiwiteite verslag.

(4) Die Raad lê die verslag en state genoem in artikel 55(1) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999), aan die verantwoordelike Lid voor op die wyse deur artikel 55(3) van daardie Wet vereis.

(5) Die verantwoordelike Lid lê die verslag en state genoem in subartikel (4) so gou as moontlik ná ontvangs daarvan in die Provinsiale Wetgewer ter tafel.

(6) Wat verslagdoening oor die uitoefening van sy bevoegdhede en die verrigting van sy werksaamhede gedurende die jaar betref, verwys die Raad in die verslag bedoel in subartikel (4) ook na -

(a) sy prestasies;

(b) sy mislukkings;

(c) die finansiële implikasies van alle sodanige prestasies en mislukkings;

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

(d) enige aanbevelings met betrekking tot sy doelstellings, vir oorweging.

(7) Die Raad stel ooreenkomstig Tesourieregulasie 27 'n ouditkomitee, wat uit ten minste drie persone bestaan, vir die Raad in.

(8) Binne 15 dae vóór die einde van elke kwartaal onderteken en dien die ouditkomitee 'n verslag by die Raad in wat hy opstel oor die Raad se werksaamhede, insluitende sy inkomste en uitgawe vir die voorafgaande kwartaal.

## Toewysing van inkomste en eiendom

**19.** Die gelde wat die Provinsiale Wetgewer aan die Raad toewys, soos in artikel 17(1)(a) bedoel, word ooreenkomstig sodanige toewysing aangewend en alle ander inkomste, eiendom en winste van die Raad word uitsluitlik vir die verwesenliking van sy doelstellings en ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet aangewend.

## Verkrygingsadministrasie

**20.** (1) By die verkrying van enige goed of diens, of die huur of verhuur van enigiets, of verlening van enige reg, of verkrying of verhandeling van enige bate vir of namens die Raad, soos bedoel in artikel 5, sorg die Raad dat sodanige verkryging geskied ooreenkomstig, en met behoorlike voldoening aan –

(a) die regulasies gemaak of instruksies uitgereik deur die Nasionale Tesourie ten opsigte van 'n geskikte verkryging- en voorsieningstelsel wat regverdig, billik, deursigtig, mededingend en lonend is, soos bedoel in artikel 76(4)(c) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999);

(b) die instruksies uitgereik deur die Provinsiale Tesourie, soos bedoel in artikel 18(2)(a) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999), ten opsigte van 'n geskikte verkryging- en voorsieningstelsel wat regverdig, billik, deursigtig, mededingend en lonend is;

(c) die gepaste verkryging- en voorsieningstelsel wat regverdig, billik, deursigtig, mededingend en lonend is, soos ingestel deur die Raad en soos bedoel in artikel 51(1)(a)(iii) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999) en Tesourieregulasie 16A; en

(d) die Wet op die Raamwerk vir 'n Voorkeurverkrygingsbeleid, 2000 (Wet No. 5 van 2000).

(2) Binne ses maande ná die inwerkingtreding van hierdie Wet keur die Raad in ooreenstemming met subartikel (1) 'n verkrygingstelsel goed, welke verkrygingstelsel aangewend moet word vir die verkryging van alle voorrade, goedere en dienste, asook vir die verhandeling van voorrade en goedere deur die Raad.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

## HOOFSTUK V
## ALGEMENE BEPALINGS

### Delegasie

**21.** (1) Behoudens subartikels (2) en (3) kan die Raad enige van sy bevoegdhede, werksaamhede of pligte kragtens hierdie Wet aan die hoof uitvoerende beampte of 'n komitee van die Raad delegeer.

(2) Die hoof uitvoerende beampte kan met die skriftelike toestemming van die Raad enige bevoegdheid, werksaamheid of plig wat kragtens subartikel (1) aan hom of haar gedelegeer is, subdelegeer aan enige lid van die personeel van die Raad.

(3) 'n Delegasie of sub-delegasie, na gelang van die geval, kan onderskeidelik deur die Raad of deur die hoof uitvoerende beampte, met instemming van die Raad, teruggetrek word.

### Regulasies

**22.** (1) Die verantwoordelike Lid kan, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, regulasies maak ten opsigte van –

(a) gelde betaalbaar aan die Raad of enige instelling deur die Raad bedryf; en

(b) enige ander aangeleentheid wat nodig of dienstig is ten einde die oogmerke van hierdie Wet te bereik.

(2) 'n Regulasie kragtens subartikel (1)(a) gemaak, word alleenlik gemaak met die instemming van die hoof van die provinsiale tesourie.

(3) Minstens 1 maand voor 'n regulasie ooreenkomstig hierdie artikel gemaak word, laat die verantwoordelike Lid die teks daarvan in die *Provinsiale Koerant* publiseer, tesame met 'n kennisgewing waarin sy of haar voorneme om daardie regulasie te maak verklaar word en belanghebbendes genooi word om kommentaar te lewer daarop of vertoë wat hulle sou wou righ daaromtrent aan die verantwoordelike Lid op of voor 'n datum in die kennisgewing vermeld te laat kry.

(4) Die bepalings van subartikel (3) geld nie ten opsigte van 'n wysiging aan 'n regulasie kragtens daardie subartikel gepubliseer nie.

### Herroeping van wette

**23.** Die wette in die Bylae genoem word hierby in die mate in die derde kolom van die Bylae aangedui, herroep.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

## Oorgangs- en oprigtingsmaatreëls

**24.** (1) Vir die doel van hierdie artikel, beteken "**vorige Wet**" die Wet op die Bevordering van Kultuur, 1983 (Wet No. 35 van 1983).

(2) Vanaf die datum waarop hierdie Wet in werking tree –

(a) bestaan die Noord-Kaapse Kunste en Kultuurraad, kragtens die vorige Wet ingestel, voort asof dit ingestel is ingevolge die ooreenstemmende bepaling van hierdie Wet, totdat die verantwoordelike Lid 'n nuwe Raad ooreenkomstig artikel 4 aanstel;

(b) word alle bates, laste, regte, pligte en verpligtinge van enige instelling kragtens die vorige Wet geskep of deur so 'n instelling bestuur, vanaf daardie instelling na die Raad oorgedra en word die Raad die opvolger in regte van die instelling; en

(c) enigiets wat ingevolge die bepalings van die vorige Wet gedoen is en wat ingevolge die ooreenstemmende bepalings van hierdie Wet gedoen kan word, word geag ingevolge die laasgenoemde bepalings gedoen te wees.

## Kort titel en inwerkingtreding

**25.** Hierdie Wet heet die Noord-Kaapse Wet op die Kunste en Kultuurraad, 2013, en tree in werking op 'n datum deur die Premier by proklamasie in die *Provinsiale Koerant* bepaal.

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

## BYLAE

### Wette herroep by artikel 23(1)

| Nommer en Jaar van Wet | Kort titel van Wet | Mate van herroeping |
|---|---|---|
| Wet No. 35 van 1983 | Wet op die Bevordering van Kultuur, 1983 | Die geheel |
| Wet No. 65 van 1989 | Wet op Kulturele Aangeleenthede (Volksraad), 1989 | Die geheel |

## KENNISGEWING 34 VAN 2014

## WET OP DIE NOORD-KAAPSE ERFENISHULPBRONOWERHEID, 2013 (WET 9 VAN 2013)

Die Wet op die Noord-Kaapse Erfenishulpbronowerheid (Wet 9 van 2013) in Engels gepubliseer in Buitengewone Provinsiale Koerant 1784, gedateer 5 Maart 2014, soos deur die Premier goedgekeur, word hiermee ook in Afrikaans gepubliseer vir algemene kennisname.

# WET

**Om voorsiening te maak vir die konstituering van 'n raad vir die Noord-Kaapse Erfenishulpbronowerheid en vir die bestuur daarvan deur die Raad; om sy doelstellings, werksaamhede en werking te bepaal, om sy personeel- en finansiële sake te reël; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Provinsiale Wetgewer van die Provinsie Noord-Kaap soos volg:-

## INDELING VAN ARTIKELS

**Artikel**

HOOFSTUK I
UITLEG

1. Woordomskrwying

HOOFSTUK II
DIE OWERHEID EN RAAD

2. Naam en funksionering van Owerheid
3. Doelstellings van Owerheid
4. Bevoegdhede, werksaamhede en pligte van Owerheid
5. Instelling van Raad
6. Samestelling van Raad
7. Ampstermyn van Raadslede en vulling van vakatures
8. Geskiktheid om in die Raad te dien
9. Botsende belange
10. Verwydering uit die amp
11. Vergoeding van lede van Raad
12. Vergaderings van die Raad
13. Komitees van Raad

HOOFSTUK III
PERSONEELAANGELEENTHEDE

14. Personeel van die Owerheid en vergoeding
15. Hoof uitvoerende beampte
16. Verwydering van hoof uitvoerende beampte uit die amp
17. Indiensnemingskontrak en prestasie-ooreenkoms van hoof uitvoerende beampte

## HOOFSTUK IV
## FINANSIES EN VERKRYGINGSADMINISTRASIE

18. Finansies
19. Rekenpligtigheid, oudits en verslae
20. Bewilliging van inkomste en eiendom
21. Verkrygingsadministrasie

## HOOFSTUK V
## ALGEMENE BEPALINGS

22. Delegasie
23. Regulasies
24. Kort titel en inwerkingtreding

## HOOFSTUK I
## UITLEG

**Woordsomskrywing**

**1.** In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken, –

"**boekjaar**" die periode wat op die eerste dag van April in enige jaar begin tot op die een-en-dertigste dag van Maart in die daaropvolgende jaar, met inbegrip van albei dae;

"**Departement**" die Provinsiale Departement verantwoordelik vir kunste en kultuur in die Provinsie;

"**Departementshoof**" die Hoof van die Departement verantwoordelik vir kunste en kultuur in die Provinsie;

"**distriksmunisipaliteit**" 'n distriksmunisipaliteit soos omskryf in die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998);

"**familielid**" iemand se –

(a) gade; of
(b) kind, ouer, broer of suster, hetsy van geboorte, huwelik of by aanneming;

"**Grondwet**" die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;

"**hierdie Wet**" ook enige regulasie ingevolge hierdie Wet gemaak;

"**hoof uitvoerende beampte**" die hoof uitvoerende beampte kragtens artikel 14(1) aangestel;

"**hoof van die provinsiale tesourie**" die hoof van die provinsiale tesourie in die Provinsie genoem in artikel 17(1)(a) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999);

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

"**komitee**" 'n komitee van die Raad kragtens artikel 13 aangestel;

"**lid**" 'n lid van die Raad;

"**Nasionale Wet**" die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (Wet No. 25 van 1999);

"**Owerheid**" die Noord-Kaapse Erfenishulpbronowerheid in artikel 2(a) genoem;

"**politieke ampsbekleër**" –

(a) 'n lid van die Nasionale Vergadering of die Nasionale Raad van Provinsies of die Kabinet;
(b) 'n lid van 'n provinsiale wetgewer;
(c) 'n diplomatieke verteenwoordiger van die Republiek wat nie 'n lid van die staatsdiens is nie;
(d) 'n lid van 'n huis of raad van tradisionele leiers;
(e) 'n lid van 'n munisipale raad; of
(f) 'n nasionale of provinsiale ampsbekleër van enige politieke party;

"**Premier**" die Premier van die Provinsie in artikel 125 van die Grondwet genoem;

"**provinsiale besit**" die erfenishulpbronne in artikel 3 van die Nasionale Wet genoem wat besonderse eienskappe het wat hulle binne die konteks van die Provinsie noemenswaardig maak;

"***Provinsiale Koerant***" die *Provinsiale Koerant* van die Provinsie;

"**Provinsie**" die Provinsie Noord-Kaap in artikel 103(1)(g) van die Grondwet genoem, of enige gedeelte daarvan;

"**Raad**" die Raad van die Owerheid saamgestel ooreenkomstig artikel 6;

"**Republiek**" die Republiek van Suid-Afrika in artikel 1 van die Grondwet genoem;

"**staatsorgaan**" 'n instelling in artikel 239 van die Grondwet beskryf;

"**streek**" die regsgebied van 'n distriksmunisipaliteit;

"**Uitvoerende Raad**" die Uitvoerende Raad van die Provinsie in artikel 132 van die Grondwet genoem;

"**verantwoordelike Lid**" die Lid van die Uitvoerende Raad verantwoordelik vir kunste en kultuur in die Provinsie; en

"**voorsitter**" die voorsitter van die Raad kragtens artikel 6(6) aangestel.

## HOOFSTUK II
## DIE OWERHEID EN RAAD

### Naam en funksionering van Owerheid

2. Die erfenishulpbronowerheid van die Provnisie, as 'n regspersoon kragtens artikel 23 van die Nasionale Wet ingestel –

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

(a) staan bekend as die Noord-Kaapse Erfenishulpbronowerheid;

(b) word deur 'n raad saamgestel ooreenkomstig artikel 6 beheer; en

(c) funksioneer soos in hierdie Wet voorsien.

**Doelstelling van Owerheid**

**3.** Dit is die Owerheid se doelstelling om die provinsiale besit te identifiseer en te bestuur.

**Bevoegdhede, werksaamhede en pligte van Owerheid**

**4.** Die Owerheid oefen vir die Provinsie die bevoegdhede uit, verrig die werksaamhede en voer die pligte uit –

(a) wat in hierdie Wet of enige ander wet voorsien word; en

(b) wat aan 'n provinsiale erfenishulpbronowerheid deur die Nasionale Wet verleen of opgelê word.

**Instelling van Raad**

**5.** (1) 'n Raad vir die Owerheid word hierby ingestel –

(a) om die sake van die Owerheid te bestuur en te beheer;

(b) as rekenpligtige gesag vir die Owerheid soos bedoel in artikel 49(2)(a) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999); en

(c) om die bevoegdhede uit te oefen en die werksaamhede te verrig wat deur hierdie Wet of enige ander wet aan die Owerheid verleen of opgelê word.

(2) Die Noord-Kaapse Erfenishulpbronraad, kragtens artikel 23 van die Nasionale Wet deur die verantwoordelike Lid aangestel, bly voortbestaan en funksioneer asof ingestel ingevolge subartikel(1), totdat die verantwoordelike Lid 'n nuwe Raad ooreenkomstig die bepalings van artikel 6 aanstel.

**Samestelling van die Raad**

**6.** (1) Die Raad bestaan uit 8 lede wat, behoudens subartikel (4), deur die verantwoordelike Lid aangestel word.

(2) Elk van die 5 streke in die Provinsie word in die Raad verteenwoordig.

(3) Die verantwoordelike Lid moet, alvorens lede aangestel word, in minstens een koerant wat in die Provinsie in omloop is en die *Provinsiale Koerant* nominasies vir geskikte persone om as lede van die Raad te dien, aanvra.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

(4) Raadslede moet besondere kundigheid, ondervinding en betrokkenheid hê by erfenishulpbronne en moet algemeen verteenwoordigend van die geslags-, taal- en gemeenskapsamestelling van die Provinsie wees.

(5) Die Departementshoof of 'n beampte deur die Departementshoof aangewys om die Departement te verteenwoordig en die hoof uitvoerende beampte kan teenwoordig wees en deelneem aan die besprekings by die vergaderings van die Raad, maar is nie lede van die Raad nie en kan nie by die vergaderings stem nie.

(6) Die verantwoordelike Lid stel 'n lid van die Raad as voorsitter en 'n ander lid as ondervoorsitter aan.

(7) Vóór aanstelling as lid van die Raad, lê die kandidaat 'n beëdigde verklaring aan die verantwoordelike Lid voor, waarin die kandidaat verklaar dat hy of sy –

(a) beskikbaar is vir die aanstelling; en

(b) nie kragtens hierdie Wet ongeskik is vir sodanige aanstelling nie.

(8) Die verantwoordelike Lid kan te eniger tyd daarop aandring dat bevredigende bewys aan hom of haar gelewer word van die volgehoue geskikteheid van enige lid of voornemende lid van die Raad, of om enige ondersoek of navrae in dié verband te onderneem of te laat onderneem.

**Ampstermyn van lede van die Raad en aanvul van vakatures**

**7.** (1) 'n Lid word vir 'n tydperk van 5 jaar aangestel.

(2) 'n Lid wie se ampstermyn verstryk het, kan weer aangestel word, maar mag nie meer as 2 ampstermyne uitdien nie.

(3) 'n Vakature in die Raad word aangevul op dieselfde manier as wat die lid wat die amp ontruim het veronderstel was om aangestel te gewees het, en die lid aldus aangestel, dien vir die onverstreke gedeelte van die tydperk waarvoor die lid wat die amp ontruim het, aangestel was.

**Geskiktheid om in die Raad te dien**

**8.** (1) Om geskik te wees om as lid van die Raad te dien en om in daardie amp voort te gaan, moet sò iemand –

(a) 'n natuurlike persoon wees;

(b) nie onderworpe wees aan 'n diskwalifisering in subartikel (2) uiteengesit nie;

(c) die beëdigde verklaring in artikel 6(7) genoem by die verantwoordelike Lid indien; en

(d) 'n burger van die Republiek wees en gewoonlik in die land woon.

(2) Niemand dien as lid van die Raad as hy of sy –

(a) 'n politieke ampsbekleër is nie;

(b) 'n ongerehabiliteerde insolvent is, of insolvent word en die insolvensie tot die sekwestrasie van sy of haar boedel lei nie;

(c) ooit op grond van wangedrag uit 'n vertrouensamp ontslaan is, of ontslaan word nie;

(d) aan 'n bevel van 'n hof met regsbevoegdheid wat hom of haar geestelik versteurd bevind het, onderworpe is nie;

(e) in die voorafgaande 10 jaar in die Republiek of elders aan diefstal, bedrog, vervalsing of uitgee van 'n vervalste stuk, meineed, 'n misdryf ingevolge die Wet op Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede, 2004 (Wet No. 12 van 2004), 'n misdryf ingevolge Hoofstuk 2 of 3 van die Voorkoming van Georganiseerde Misdaadwet, 1998 (Wet No. 121 van 1998), 'n misdryf ingevolge die Finansiële Intelligensiesentrumwet, 2001 (Wet No. 38 van 2001) of 'n misdryf wat oneerlikheid behels, skuldig bevind is, of skuldig bevind word nie; of

(f) aan enige ander misdryf begaan ná die inwerkingtreding van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1993 (Wet No. 200 van 1993) skuldig bevind is en tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete gevonnis is nie.

(3) Die bepalings van subartikels (1) and (2), gelees in samehang met die veranderings vereis deur die konteks, is op enige beampte in artikel 6(5) bedoel, van toepassing.

## Botsende belange

9. (1) 'n Lid van die Raad –

(a) doen nie mee aan enige aktiwiteit wat die integriteit van die Raad kan ondermyn nie;

(b) woon nie die verrigtinge van 'n vergadering by, neem nie daaraan deel of oefen nie 'n invloed daarop uit nie as die betrokke lid ten opsigte van die aangeleentheid wat voor die Raad dien, 'n belang het wat hom of haar verhinder om die pligte van 'n lid van die Raad op 'n regverdige, onbevooroordeelde en behoorlike wyse na te kom;

(c) stem nie by enige vergadering van die Raad oor 'n aangeleentheid bedoel in paragraaf (b) nie;

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

(d) maak nie privaat gebruik van of trek nie voordeel uit enige vertroulike inligting verkry in die nakoming van sy of haar pligte as lid van die Raad nie; of

(e) maak nie enige inligting in pragraaf (d) genoem aan enige derde party bekend nie, tensy dit as deel van sy of haar amptelike werksaamhede as lid van die Raad vereis word.

(2) Indien dit te eniger tyd vir 'n lid van die Raad lyk of 'n aangeleentheid wat voor die Raad dien, betrekking het op 'n belang van die betrokke lid in subartikel (1)(b) genoem –

(a) onthul die lid die aard van daardie belang onmiddellik en volledig aan die vergadering; en

(b) onttrek die lid van die vergadering sodat die oorblywende lede die aangeleentheid kan bespreek en bepaal of die lid verbied behoort te word om aan enige verdere verrigtinge aangaande die aangeleentheid deel te neem.

**Verwydering uit die amp**

**10.** (1) Die verantwoordelike Lid kan, by skriftelike kennisgewing, 'n lid van die Raad uit die amp verwyder –

(a) op grond van wangedrag of onbekwaamheid;

(b) as die lid onderworpe raak aan 'n diskwalifisering in artikel 8(2) bedoel;

(c) indien die lid in een jaar meer as twee vergaderings van die Raad sonder geldige rede mis of, in die geval van afwesigheid om mediese redes, versuim om 'n geldige mediese sertifikaat te toon.

(2) 'n Besluit om 'n lid van die Raad op grond van wangedrag of onbekwaamheid uit die amp te verwyder, word gegrond op 'n bevinding te dien effekte deur 'n ondersoektribunaal wat deur die verantwoordelike Lid aangestel is.

(3) 'n Kennisgewing in subartikel (1) bedoel, gee die redes vir die verwydering uit die amp van die lid aan.

(4) Die verantwoordelike Lid kan te eniger tyd die Raad ontbind as hy of sy op redelike gronde oortuig is dat die Raad nie behoorlik funksioneer nie of dat dit in die belang van die gemeenskap of die publiek is om dit te ontbind.

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

## Vergoeding van lede van Raad

**11.** (1) 'n Lid van die Raad word sodanige redelike vergoeding en toelaes uit die fondse van die Raad betaal soos wat die verantwoordelike Lid, met die instemming van die hoof van die provinsiale tesourie, van tyd tot tyd mag bepaal.

(2) 'n Lid van die Raad wat voltyds in diens van 'n staatsorgaan is, ontvang nie kragtens subartikel (1) vergoeding nie.

(3) Vergoeding kragtens subartikel (1) bepaal, word deur die verantwoordelike Lid in die *Provinsiale Koerant* gepubliseer voordat dit in werking tree.

(4) Lede van die Raad is geregtig op vergoeding vir enige redelike reis- en verblyfuitgawes wat hulle aangaan in die verrigting van hul werksaamhede as lede van die Raad.

## Vergaderings van die Raad

**12.** (1) Die voorsitter kan die datum, tyd en plek vir die eerste vergadering van die Raad bepaal en bepaal in oorleg met die Raad die datum, tyd en plek vir elke daaropvolgende vergadering.

(2) Die voorsitter bepaal in oorleg met die Raad prosedures vir vergaderings van die Raad, met behoorlike inagneming van die beginsels van openlikheid en deursigtigheid.

(3) 'n Meerderheid van die lede van die Raad bedoel in artikel 6(1) vorm 'n kworum vir 'n vergadering van die Raad.

(4) Die Raad moet probeer om sy besluite deur konsensus te neem.

(5) As die Raad nie konsensus kan bereik oor enige aangeleentheid wat voor hom dien nie, kan hy die saak deur 'n gewone meerderheidstem op 'n mosie beslis.

(6) In die geval van 'n staking van stemme rakende enige aangeleentheid waaroor gestem word, het die voorsitter 'n beslissende stem bykomend tot sy of haar gewone stem.

(7) Die Raad bepaal behoudens subartikels (4), (5) en (6) reëls vir sy eie verrigtinge.

(8) Die hoof uitvoerende beampte hou notule of laat notule van die vergaderings van die Raad hou.

(9) Notules van die verrigtinge van die vergaderings van die Raad word by die kantore van die Raad gehou en is toeganklik vir die publiek.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

(10) Niemand wat toegang het tot inligting wat die Raad as vertroulik klassifiseer, mag die inligting sonder toestemming van die Raad openbaar maak nie.

(11) Indien 'n bepaalde persoon in staat is om die Raad by die oorweging van 'n bepaalde aangeleentheid behulpsaam te wees, kan die Raad die persoon vir die doel koöpteer.

(12) Sodanige gekoöpteerde persoon het nie die reg om by 'n vergadering van die Raad of 'n komitee van die Raad te stem nie.

(13) Die Raad vergader ten minste een keer elke 3 maande om onder andere die verslag in artikel 19(3) genoem, te oorweeg.

(14) Die verantwoordelike Lid kan 'n vergadering van die Raad belê as die Raad versuim om aan subartikel (13) te voldoen.

(15) Die voorsitter belê 'n buitengewone vergadering van die Raad as die verantwoordelike Lid, die meerderheid van lede van die Raad of die hoof uitvoerende beampte daarvoor vra.

(16) Wanneer 'n aangeleentheid wat voor die Raad moet dien uiteraard die onmiddellike en dringende aandag van die Raad verg en dit nie vir die Raad moontlik is om te vergader om daaraan aandag te gee nie, word alle dokumentasie met betrekking tot sodanige aangeleentheid sonder verwyl deur die hoof uitvoerende beampte aan alle lede vir oorweging beskikbaar gestel.

(17) Behoudens subartikel (18) is 'n aangeleentheid genoem in subartikel (16), waaroop skriftelik deur 'n gewone meerderheid van die Raadslede ooreengekom word, 'n besluit van die Raad.

(18) 'n Besluit in subartikel (17) bedoel, word deur die hoof uitvoerende beampte aan die Raad oorgedra by die Raad se volgende vergadering en aldus in die notules van daardie vergadering aangeteken.

## Komitees van Raad

**13.** (1) Die Raad kan komitees instel, met die bevoegdheid om ander persone te koöpteer, om hom by te staan met die behoorlike en korrekte uitoefening en verrigting van sy bevoegdhede en werksaamhede kragtens hierdie Wet en kan ook enige komitee wat op hierdie wyse ingestel is, ontbind, uitbrei, vergroot of beperk.

(2) (a) 'n Komitee ingevolge subartikel (1) ingestel, bestaan uit minstens drie lede aangewys deur die Raad wat geskik en behoorlik gekwalifiseer of ervare is aangaande aangeleenthede wat op die werksaamhede van die betrokke komitee betrekking het.

(b) Die Raad benoem 'n raadslid wat op 'n komitee dien as die voorsitter van sodanige komitee.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

(3) ‘n Gekoöpteerde lid van ‘n komitee dien in ‘n raadgewende hoedanigheid en kan nie by enige vergadering van sodanige komitee stem nie.

## HOOFSTUK III
## PERSONEELAANGELEENTHEDE

**Personeel van die Owerheid en vergoeding**

**14.** (1) Die Raad –

(a) stel, met die instemming van die verantwoordelike Lid, ‘n paslik gekwalifiseerde en ervare persoon as hoof uitvoerende beampte aan, wat behoudens artikels 15, 16 en 17 –

(i) onderhewig aan die voorskrifte en beheer van die Raad vir alle finansiële en administratiewe verantwoordelikhede met betrekking tot die werksaamhede van die Raad verantwoordelik is; en

(ii) aan die Raad verantwoording doen;

(b) bepaal, met die instemming van die verantwoordelike Lid, ‘n personeeldiensstaat vir die Owerheid; en

(c) kan enige ander personeel wat nodig mag wees om die Owerheid in staat te stel om sy werksaamhede te verrig, aanstel op die diensstaat in paragraaf (b) bedoel.

(2) Artikel 8(1) en (2) en artikel 9, gelees in samehang met die veranderings vereis deur die konteks, is van toepassing op die hoof uitvoerende beampte en elke personneellid wat kragtens hierdie Wet aangestel is.

(3) Die Raad kan, met die instemming van die verantwoordelike Lid en die hoof van die provinsiale tesourie, die vergoeding, toelaes, diensvoordele en ander bedinge en voorwaardes van aanstelling van ‘n persoon kragtens subartikel (1) aangestel, bepaal.

(4) Die Raad kan sy bevoegdhede kragtens subartikel (1)(c) aan die hoof uitvoerende beampte delegeer.

(5) Die verantwoordelike Lid kan, na oorlegpleging met die Raad, ooreenkomstig artikel 15(3) van die Staatsdienswet, 1994, enige werknemer op die diensstaat van die Departement aan die Raad sekondeer.

(6) Iemand in diens van die Owerheid wanneer hierdie Wet in werking tree –

(a) bly aldus in diens;

(b) behou sy of haar emolumente en ander diensvoorwaardes; en

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

(c) word bykomend tot die diensstaat van die Owerheid kragtens subartikel (1)(b) bepaal, in diens gehou.

## Hoof uitvoerende beampte

**15.** (1) Die hoof uitvoerende beampte, aangestel kragtens artikel 14(1), is iemand met gepaste kwalifikasies, kennis of ondervinding van die sake en werksaamhede van die Owerheid.

(2) Die hoof uitvoerende beampte moet deeglike kennis van die finansiële- en verkrygingsadministrasievoorskrifte wat op die Owerheid betrekking het, hê.

(3) By aanstelling van 'n hoof uitvoerende beampte vra die Raad by openbare uitnodiging aansoeke vir die betrokke betrekking.

(4) Die hoof uitvoerende beampte word aangestel vir die tydperk en op die bedinge en diensvoorwaardes wat die Raad, behoudens artikel 14(3), mag bepaal, maar –

(a) die hoof uitvoerende beampte word aangestel vir 'n tydperk van hoogstens 5 jaar;

(b) by verstryking van die dienstermyn van die hoof uitvoerende beampte, kan hy of sy slegs vir een verdere termyn van 5 jaar in aanmerking kom vir heraanstelling;

(c) die hoof uitvoerende beampte onderneem nie enige ander besoldigde werk sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Raad nie.

(5) Die hoof uitvoerende beampte kan met 3 maande skriftelike kennisgewing aan die Raad uit sy of haar amp bedank.

(6) Wanneer die amp van die hoof uitvoerende beampte vakant is of die hoof uitvoerende beampte afwesig of onbevoeg is of versuim of weier om op te tree, kan die bevoegdhede en werksaamhede van die hoof uitvoerende beampte uitgeoefen en verrig word deur enigiemand wat deur die verantwoordelike Lid as die waarnemende hoof uitvoerende beampte aangewys word, maar sodanige persoon tree nie vir langer as 'n totaal van 6 maande as waarnemende hoof uitvoerende beampte op nie..

(7) Terwyl iemand aangestel soos in subartikel (6) bedoel, sodanig waarneem, kan hy of sy die hoof uitvoerende beampte se bevoegdhede uitoefen en sy of haar werksaamhede verrig.

## Verwydering van hoof uitvoerende beampte uit die amp

**16.** (1) Die Raad kan die hoof uitvoerende beampte uit die amp verwyder –

(a) op grond van sy of haar onbehoorlike optrede;

(b) vanweë ongeskiktheid vir die werksaamhede van sy of haar amp;

(c) op grond van 'n permanente ongesteldheid van gees of liggaam wat hom of haar onbekwaam maak om die werksaamhede van sy of haar amp te verrig of behoorlik te verrig;

(d) op grond daarvan dat hy of sy onderworpe geraak het aan 'n diskwalifisering in artikel 8(2) bedoel.

(2) Die Raad kan 'n verhoor of ondersoek onderneem om te bepaal of daar voldoende rede vir die afdanking van die hoof uitvoerende beampte soos bedoel in subartikel (1), bestaan.

(3) Wanneer 'n verhoor of ondersoek soos in subartikel (2) bedoel, onderneem word, kan die Raad met behoorlike inagneming van die bepalings van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet No. 66 van 1995), die hoof uitvoerende beampte uit sy of haar amp skors, hangende die bevinding van sodanige verhoor of ondersoek.

(4) Vir die doeleindes van subartikel (1)(a), geld nie-nakoming deur die hoof uitvoerende beampte van enige bepaling van hierdie Wet of die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999), onder andere, as onbehoorlike optrede.

**Indiensnemingskontrak en prestasie-ooreenkoms van hoof uitvoerende beampte**

**17.** (1) Die aanstelling van die hoof uitvoerende beampte deur die Raad, soos bedoel in artikel 14(1), word van krag vanaf die datum waarop 'n skriftelike indiensnemingskontrak met die Raad aangegaan word, welke kontrak die duur van sy of haar ampstermyn as hoof uitvoerende beampte dek.

(2) Die indiensnemingskontrak in subartikel (1) bedoel, bevat minstens die hoof uitvoerende beampte se persoonlike besonderhede, ampstermyn, diensvoorwaardes, bevoegdhede, werksaamhede, verantwoordelikhede en pligte, asook sy of haar vergoeding, toelaes en voordele.

(3) Bykomend tot die indiensnemingskontrak soos in subartikel (1) bedoel, gaan die hoof uitvoerende beampte jaarliks vóór die aanvang van die betrokke boekjaar 'n prestasie-ooreenkoms met die Raad aan, welke prestasie-ooreenkoms se termyn met die boekjaar van die Raad saamval.

(4) Die prestasie-ooreenkoms in subartikel (3) bedoel, verwys minstens na die boekjaar waarop sodanige prestasie-ooreenkoms betrekking het, die doel van die hoof uitvoerende beampte se werk, die sleutelresultate-areas, finansiële en bestuurskriteria, prestasieriglyne en doelwitte van sodanige werk, asook die standaarde vir die beoordeling van die hoof uitvoerende beampte se prestasie op minstens 'n tweejaarlikse grondslag.

# HOOFSTUK IV
# FINANSIES EN VERKRYGINGSADMINISTRASIE

## Finansies

**18.** (1) Die Owerheid word gefinansier uit –

(a) geld deur die Provinsiale Wetgewer vir die Owerheid bewillig;

(b) enige geld aan die Owerheid betaalbaar kragtens hierdie Wet;

(c) inkomste wat die Owerheid kragtens subartikel (6) uit sy belegging en deponering van oortollige geld kry; en

(d) alle gelde wat wettig uit enige bron aan die Owerheid toeval.

(2) Die boekjaar van die Owerheid strek oor die tydperk van 1 April in enige jaar tot 31 Maart van die daaropvolgende jaar.

(3) Die voorskrifte in die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999) en die Tesourieregulasies vervat wat deur 'n provinsiale openbare instelling nagekom moet word, geld vir die Owerheid.

(4) Die Raad open en onderhou 'n rekening in die naam van die Owerheid by 'n geregistreerde bank in die Republiek en –

(a) deponeer al die geld wat die Owerheid ontvang in daardie rekening; en

(b) maak elke betaling namens die Owerheid uit daardie rekening.

(5) Enige onttrekking uit die rekening van die Owerheid word namens hom gemagtig deur twee persone wat deur die Raad vir die doel gemagtig is.

(6) Die Raad kan geld van die Owerheid wat nie onmiddellik vir gebeurlikhede of lopende uitgawes benodig word nie, belê of deponeer –

(a) in 'n dagrekening of korttermyn- vaste deposito by enige geregistreerde bank of finansiële instelling in die Republiek; of

(b) in 'n beleggingsrekening by die Korporasie vir Openbare Deposito's, ingestel kragtens artikel 2 van die Wet op die Korporasie vir Openbare Deposito's, 1984 (Wet No. 46 van 1984).

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

(7) 'n Saldo ten bate van die Owerheid aan die einde van 'n boekjaar van die Owerheid, uitgesonder geld wat die verantwoordelike Lid as noodsaaklik vir die redelike onmiddellike lopende uitgawes van die Owerheid goedkeur, word in die Provinsiale Inkomstefonds inbetaal.

(8) Geen lening word aan 'n lid van die Raad, of 'n lid van die personeel van die Owerheid, of aan 'n familielid van sodanige lid van die Raad, of lid van die personeel van die Owerheid uit die fondse van die Owerheid of uit enige ander fondse wat deur die Owerheid geadministreer of in trust gehou word, gemaak nie.

**Rekenpligtigheid, oudits en verslae**

**19.** (1) Die Raad –

(a) gee rekenskap van Staats- en ander geld wat ontvang is deur, of betaal is vir of namens die Owerheid; en

(b) hou die nodige boekhoukundige en verwante rekords by,

ooreenkomstig die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999).

(2) Die rekords in subartikel 1(b) genoem, word deur die Ouditeur-Generaal ge-oudit.

(3) Die Owerheid doen deur die Departementshoof minstens kwartaalliks skriftelik aan die verantwoordelike Lid oor sy aktiwiteite verslag.

(4) Die Owerheid lê die verslag en state genoem in artikel 55(1) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999), aan die verantwoordelike Lid voor op die wyse deur artikel 55(3) van daardie Wet vereis.

(5) Die verantwoordelike Lid lê die verslag en state genoem in subartikel (4) so gou as moontlik ná ontvangs daarvan in die Provinsiale Wetgewer ter tafel.

(6) Wat verslagdoening oor die uitoefening van sy bevoegdhede en die verrigting van sy werksaamhede gedurende die jaar betref, verwys die Owerheid in die verslag bedoel in subartikel (4) ook na –

(a) sy prestasies;

(b) sy mislukkings;

(c) die finansiële implikasies van alle sodanige prestasies en mislukkings;

(d) enige aanbevelings met betrekking tot sy doelstellings, vir oorweging.

(7) Die Raad stel ooreenkomstig Tesourieregulasie 27 'n ouditkomitee, wat uit ten minste drie persone bestaan, vir die Owerheid in.

(8) Binne 15 dae vóór die einde van elke kwartaal onderteken en dien die ouditkomitee 'n verslag by die Owerheid in wat hy opstel oor die Owerheid se werksaamhede, insluitende sy inkomste en uitgawe vir die voorafgaande kwartaal.

**Toewysing van inkomste en eiendom**

20. Die gelde wat die Provinsiale Wetgewer aan die Owerheid toewys, soos in artikel 17(1)(a) bedoel, word ooreenkomstig sodanige toewysing aangewend en alle ander inkomste, eiendom en winste van die Owerheid word uitsluitlik vir die verwesenliking van sy doelstellings en ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet aangewend.

**Verkrygingsadministrasie**

21. (1) By die verkrying van enige goed of diens, of die huur of verhuur van enigiets, of verlening van enige reg, of verkrying of verhandeling van enige bate vir of namens die Owerheid, soos bedoel in artikel 5, sorg die Raad dat sodanige verkryging geskied ooreenkomstig, en met behoorlike voldoening aan –

(a) die regulasies gemaak of instruksies uitgereik deur die Nasionale Tesourie ten opsigte van 'n geskikte verkryging- en voorsieningstelsel wat regverdig, billik, deursigtig, mededingend en lonend is, soos bedoel in artikel 76(4)(c) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999);

(b) die instruksies uitgereik deur die Provinsiale Tesourie, soos bedoel in artikel 18(2)(a) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999), ten opsigte van 'n geskikte verkryging- en voorsieningstelsel wat regverdig, billik, deursigtig, mededingend en lonend is;

(c) die gepaste verkryging- en voorsieningstelsel wat regverdig, billik, deursigtig, mededingend en lonend is, soos ingestel deur die Raad en soos bedoel in artikel 51(1)(a)(iii) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999) en Tesourieregulasie 16A; en

(d) die Wet op die Raamwerk vir 'n Voorkeurverkrygingsbeleid, 2000 (Wet No. 5 van 2000).

(2) Binne ses maande ná die inwerkingtreding van hierdie Wet keur die Raad in ooreenstemming met subartikel (1) 'n verkrygingstelsel goed, welke verkrygingstelsel aangewend moet word vir die verkryging van alle voorrade, goedere en dienste, asook vir die verhandeling van voorrade en goedere deur die Raad.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

# HOOFSTUK V
# ALGEMENE BEPALINGS

## Delegasie

22. (1) Behoudens subartikels (2) en (3) kan die Raad skriftelik enige van die Owerheid se bevoegdhede, werksaamhede of pligte kragtens hierdie Wet aan die hoof uitvoerende beampte of 'n komitee van die Raad delegeer.

(2) Die hoof uitvoerende beampte kan met die skriftelike toestemming van die Raad enige bevoegdheid, werksaamheid of plig wat kragtens subartikel (1) aan hom of haar gedelegeer is, subdelegeer aan enige lid van die personeel van die Owerheid.

(3) 'n Delegasie of sub-delegasie, na gelang van die geval, kan onderskeidelik deur die Raad of deur die hoof uitvoerende beampte, met instemming van die Raad, teruggetrek word.

## Regulasies

23. (1) Die verantwoordelike Lid kan, by kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, regulasies maak ten opsigte van –

(a) gelde betaalbaar aan die Owerheid of enige instelling deur die Owerheid bedryf; en

(b) enige ander aangeleentheid wat nodig of dienstig is ten einde die oogmerke van hierdie Wet te bereik.

(2) 'n Regulasie kragtens subartikel (1)(a) gemaak, word alleenlik gemaak met die instemming van die hoof van die provinsiale tesourie.

(3) Minstens 1 maand voor 'n regulasie ooreenkomstig hierdie artikel gemaak word, laat die verantwoordelike Lid die teks daarvan in die *Provinsiale Koerant* publiseer, tesame met 'n kennisgewing waarin sy of haar voorneme om daardie regulasie te maak verklaar word en belanghebbendes genooi word om kommentaar te lewer daarop of vertoë wat hulle sou wou righ daaromtrent aan die verantwoordelike Lid op of voor 'n datum in die kennisgewing vermeld te laat kry.

(4) Die bepalings van subartikel (3) geld nie ten opsigte van 'n wysiging aan 'n regulasie kragtens daardie subartikel gepubliseer nie.

## Kort titel en inwerkingtreding

24. Hierdie Wet heet die Wet op die Noord-Kaapse Erfenishulpbronowerheid, 2013, en tree in werking op 'n datum deur die Premier by proklamasie in die *Provinsiale Koerant* bepaal.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

**NOTICE – CHANGE OF TELEPHONE NUMBERS: GOVERNMENT PRINTING WORKS**

As the mandated government security printer, providing world class security products and services, Government Printing Works has adopted some of the highly innovative technologies to best serve its customers and stakeholders. In line with this task, Government Printing Works has implemented a new telephony system to ensure most effective communication and accessibility. As a result of this development, our telephone numbers will change with effect from 3 February 2014, starting with the Pretoria offices.

The new numbers are as follows:

- Switchboard : 012 748 6001/6002
- Advertising : 012 748 6205/6206/6207/6208/6209/6210/6211/6212
- Publications Enquiries : 012 748 6052/6053/6058 GeneralEnquiries@gpw.gov.za
  - Maps : 012 748 6061/6065 BookShop@gpw.gov.za
  - Debtors : 012 748 6060/6056/6064 PublicationsDebtors@gpw.gov.za
  - Subscription : 012 748 6054/6055/6057 Subscriptions@gpw.gov.za
- SCM : 012 748 6380/6373/6218
- Debtors : 012 748 6236/6242
- Creditors : 012 748 6246/6274

Please consult our website at www.gpwonline.co.za for more contact details.

The numbers for our provincial offices in Polokwane, East London and Mmabatho will not change at this stage.

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001. Tel: (012) 748 6052, 748 6053, 748 6058
Also available at the **Northern Cape Provincial Legislature, Private Bag X5066, Nobengula Extension, Kimberley, 8301.**
Tel. (direct line): (053) 839-8073. Fax: (053) 839-8094

Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaat Sak X85, Pretoria, 0001. Tel: (012) 748 6052, 748 6053, 748 6058
Ook verkrygbaar by die **Noord-Kaap Provinsiale Wetgewer, Privaatsak X5066, Nobengula-uitbreiding, Kimberley, 8301.**
Tel. (direkte lyn): (053) 839-8073. Faks: (053) 839-8094



This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za